# Nico van Gijsen: Eva, die slang en die saamblyers se storie

**netwerk24.com**/sake/geldsake/nico-van-gijsen-eva-die-slang-en-die-saamblyers-se-storie-20260529-0915



**Soos die "sonde" die saamblyers vergewe is, so sê die reg ook nou julle kan maar saambly en ons sal vir julle soortgelyke beskerming en voorregte as getroudes gee,**

Ek onthou die dae toe daar na mense wat saamwoon sonder dat hulle getroud is, verwys is as dat hulle "in sonde saamwoon".

Ek kon nog nooit die seksbeheptheid van gelowe oor die wêreld heen verstaan nie. Dis oogluikend dat almal een ding gemeen het: die yslike gefokus om mense uit mekaar se beddegoed te hou.

Dit het begin die dag toe Eva die slang ontmoet het. Tot vandag toe. Die Doppers worstel dan selfs in 2026 nog oor die status van vroue.

Wel, sonde, weet ons mos, is tydgebonde. Wat gister was, is nie noodwendig vandag nie.

Nou wat het my hieraan laat dink?

Wel, ek lees onlangs ’n artikel in ’n sakepublikasie met die strekking dat mense wat in saamblyverhoudings is, nie die regte het wat getroudes het nie. Byvoorbeeld die belastingvoordele, oorerwingsvoordele en dies meer.

Dit het vir my so ’n kunsmatige-intelligensie (KI)-strekking gehad. Baie kunsmatig, min intelligensie. Eintlik net ’n spul twak.

Regspraak het ’n bietjie langer gevat, maar soos die sonde die saamblyers vergewe is, so sê die reg ook nou julle kan maar saambly en ons sal vir julle soortgelyke beskerming en voorregte as getroudes gee.

Ironies genoeg was dit ’n geval van ’n gayverhouding wat die bal aan die rol gesit het.

Die konstitusionele hof het in die saak *Gory v. Kolver* beslis dat art. 1 van die Wet op Intestate Erfopvolging (wet 81 van 1987) vanaf 27 April 1994 gewysig moes word en dat “gade” voortaan moes insluit ’n maat in ’n permanente selfdegeslagverhouding waarin die maats wederkerige ondersteuningspligte onderneem het.

Maar dit het toe heteroseksuele saamblyers aan die agterste speen laat suig. Om hulle nie in te sluit nie is mos dan ook ongrondwetlik.

Die verloop van die reg is baie interessant, maar die rubriek kan net so lank wees. So, om hierdie punt af te sluit, die wet is aangepas en mense in ’n saamblyverhouding hoef nie meer gay te wees om ingevolge die wet te mag erf nie.

En só het die “regsondes” begin val.

Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (wet 27 van 1990) is ’n ander een. Die konstitusionele hof het in die saak *Bwanya v. die Meester* beslis dat om ongetroudes hiervan uit te sluit, ongrondwetlik is.

’n Soortgelyke breër definisie van “gade” is ook in die wet ingeskryf. Jy kan nou, as jy in ’n saamblyverhouding is en jou metgesel sterf, teen sy of haar boedel eis om onderhoud. Jy hoef nie meer getroud te wees om dit te kan doen nie.

So ’n eis het dieselfde regskrag as die eis van ’n minderjarige kind.

Dan is daar ook die belastingwette wat al aangepas is.

Die Inkomstebelastingwet (wet 58 van 1962) bepaal dat geskenke tussen gades vrygestel is van geskenkebelasting. Die wet lees nou dat dit ook diegene sal insluit wat tot bevrediging van die kommissaris van binnelandse inkomste in ’n langtermyn-verhouding is wat bedoel is om permanent te wees.

En daar is die Boedelbelastingwet (wet 45 van 1955), wat bepaal dat bemakings aan ’n oorlewende gade aftrekbaar is voordat boedelbelasting bereken word [art. 4(q)]. Dit sluit nou ’n soortgelyke klousule in wat betref mense wat in ’n saamblyverhouding is, soos in die Inkomstebelastingwet.

Kortom, wat ook al jy en jou lewensmaat testamentêr aan mekaar bemaak by die een se dood, is ingevolge art. 4(q) aftrekbaar voor die berekening van boedelbelasting.

Daarbenewens geld die oordrag van die boedelbelastingkorting (art. 4A) van R3,5 miljoen – sou die een party sy of haar totale boedel aan die ander bemaak het – eweneens vir mense in ’n saamblyverhouding. Dan is die totale korting op boedelbelasting R7 miljoen.

Soortgelyk hieraan is die oorrol van die basiskoste in die geval van kapitaalwinsbelasting (KWB) waar eiendom aan ’n langslewende maat in ’n saamblyverhouding bemaak is. KWB sal dus eers gehef word by die van die hand sit van die bate deur die langslewende.

In die reg is daar dus wel soortgelyke beskerming vir diegene wat saamwoon, op voorwaarde dat dit ’n langtermynverhouding is, bedoel is om permanent te wees en daar ’n wedersydse onderhoudsplig bestaan.

In die meeste gevalle is dit van toepassing by die dood van een van die lewensmaats. Wat gebeur as jul liefde flou word?

Wel, julle hoef nie te skei nie. Elkeen kan sy goed vat en loop.

Die probleem is dat jy geen regte op onderhoud het soos wanneer wettig getroudes besluit om te skei nie.

Maar hou gerus dop; ek voorsien dat dit nie meer lank gaan neem voordat die konstitusionele hof ook hieroor ’n beslissing gaan maak nie.

As dit byvoorbeeld ongrondwetlik is om mense uit te sluit van al die wetlike voordele van getroudes wat ek hier bo noem, hoekom sal dit nie ongrondwetlik wees om mense in ’n saamblyverhouding die beskerming van die Egskeidingswet (wet 70 van 1979) te ontneem nie?

Al wat dit gaan verg, meen ek, is om ’n hof te nader met ’n versoek op grond daarvan dat julle in ’n langtermynverhouding was, wat bedoel was om permanent te wees en dat julle wedersyds onderhoudspligte teenoor mekaar onderneem het.

Intussen, doen steeds behoorlike finansiële beplanning. Geen wetlike “reg” gaan jou help as jy nie vooraf behoorlike finansiële beplanning gedoen het nie.

Bly ook weg van KI en internet-raad.

> *Nico van Gijsen is ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn. Hy is die besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.*

briewe@rapport.co.za